Suider-Paarl Gemeente

Tel. 021 863 2700/1635 - Faks 021 863 2797
Epos: info@suiderpaarl.co.za, **www.suiderpaarl.co.za,**
Ds. Carel van Wyk 082 870 5701, Ds. Theo Hay 083 280 6184,
Dr. André Kilian 082 320 1784, Jeug: Vicus Kruger 082 929 7163
Ds. Lenois Stander 084 627 9543 (Bybel-Media)

VIR CHRISTUS MEKAAR EN ANDER

Ons Jaartema:

Jubeljaar 50 (Lukas 4:19)

Pinksterfees en Nagmaal

Vandag 20 Mei 2018

- ♥ 08:00 EREDIENS - Ds. Carel van Wyk
- ♥ 09:00 KLAPMUTS - Ds. Lenois Stander
- ♥ 09:30 EREDIENS - Ds. Theo Hay
- ♥ 09:30 Kleuterkerk in klasse
- ♥ Gr 1-6 Ark in Bovertrek. Die koster sal die kinders kom roep vir die instel van die nagmaal.
- ♥ **Geen Tienerkerk**

Baie welkom aan alle nuwe vriende. Ons wil julle graag ontmoet na die erediens, op die verhoog.

Onthou ons het 'n mediateek in die kerkkantoor met geestelike boeke en video's.

Volgende Sondag

- ♥ 08:00 EREDIENS - Ds. Theo Hay
- ♥ 09:00 KLAPMUTS – Dr. André Kilian
- ♥ 09:30 EREDIENS - Ds. Theo Hay
- ♥ 09:30 Kleuterkerk en Gr 1-6 Ark.
- ♥ 18:00 #SP Tieners

Jeug

♣ **Klapmuts kleuters tot Gr 3:** Wat beteken Pinksterfees? **Klapmuts Gr 4-11:** Onthou om te onthou. **Suider-Paarl Kleuters:** Jesus is die grootste en die sterkste. **Gr 1- 6:** Wie is die Heilige Gees en wat doen die Heilige Gees?

Algemeen:

- **Baie dankie** aan almal wat gehelp het by die Pinkster. Ons waardeer elkeen se bydrae en hart vir die koninkrykswerk en gemeente.
- **Baie dankie!!** Die wonderlike bydraes by ons Hemelvaartdiens beloop net oor R15 510,00 vir die Suid-Oos Asië uitreik!
- **Vakature op die Gemeenteraad**: Stuur asseblief enige nominasie na info@suiderpaarl.co.za of skakel kerkkantoor of die predikante.
- **Ons as gemeente help by Huis Berzelia in HAM kinderhuis**. Daar is 12 dogters tussen die ouderdomme van 5 – 18 jaar en 1 huismoeder wat in die huis woon. Ons ondersteun hulle deur die jaar met spesifieke behoeftes wat die dogters nodig kry en ook om hulle elkeen spesiaal te laat voel met hulle verjaarsdag, ens. Maureen du Toit en Elzanne Kemp, ons gemeente se verteenwoordigers het hierdie week die huis besoek om te gesels oor hulle spesifieke behoeftes vir die huis en kinders.
  Daar is heelwat benodigdhede o.a om die huis netjies te maak (binne verf, regmaak van gate, gordynrelings vervang, kaste afskuur en verf, ens.) en ook om die huis en kamers bietjie mooier te maak en ‘n meer huislike gevoel te gee. Die verf en netjies maak van die huis is natuurlik ‘n groot en duur werk. Indien enige iemand dalk dienste of fondse wil bydra, kontak asb. vir Maureen by 083 226 6657.
- **Woensdagoggend** Bybelstudie onder leiding van Ds. Theo Hay om 10:00 in die Bovertrek. Ons behandel: **Dawid.** Almal welkom om meer te kom leer oor hierdie man so na God se hart.
- **Bring** asb. enige tweedehandse denims na die kerk. Dit word in pragtige handsakke omskep deur Drakenstein Vereniging vir gestremdes.
- **School of skills** benodig asb. ‘n “overlocker” skenking. Kontak die kerkkantoor indien jy kan help.
- **Met die koue** wat op pad is, benodig ons asb. enige komberse-skenkings. Bring asb. na die kerkkantoor.
- **Die tannies** in Klapmuts benodig asb. enige wol-skenkings vir die brei maraton by die Taalmonument en al hul ander projekte.

Dagboek

- **23 Mei:** Courtrai Laerskool hou ‘n Jak de Priester-aand as fondinsamelingsprojek. Kaartjies R300 p.p. ‘n Steak-ete met heerlike bykosse word bedien. Kontak vir Pieter le Roux by 084 512 2589, of die skool by 021 863 3220.

- **26 Mei:** Kom bid saam by Picardie Gasteplaas gebedskamer vanaf 10:00 tot 16:00 in uur-gleuwe vir spesifiek en spesiaal in hierdie Ramadan tyd vir Moslems wat verlore gaan.
- **26 Mei**: Braaigroep potjiekos-aand
- **14 Junie:** Oude Renbaan byeenkoms
- **14 Junie:** Wynveiling – Wie kan help deur 'n lot te skenk of 'n tafel vir jou en jou vriende te bespreek (R2500 vir 10 mense)!'n "Lot" hoef nie net wyn te wees nie! Iets soos 'n ete vir twee, of spa behandeling vir die dames is ook 'n lot! Skakel die kerkkantoor asb.

- **17 Junie: Die Gr 1-6 kinders besoek Rusoord Aftreeoord**. Ons gaan Bybelbingo saam met die inwoners speel en daarna ontspan ons saam met koek en tee. Vir elke inwoner gee ons 'n geskenkpakkie. Help ons om geskenk-pakkies te maak met die volgende daarin: 1 pakkie soutkoekies, 1 pakkie soetkoekies, 1 boksie "cup a soup", 2 pakkies 2 minute noodles en 1 sjokolade. Bring asb. na die kerkkantoor, weeksdae om 08:00 – 13:00 of Sondae. Baie dankie vir die volledige getal boekie en pen geskenkies wat ons ontvang.
- **17 Junie:** Jubelsondag – Een erediens om 09:30 ('n Heerlike sangdiens in klassieke styl)
- **18 Junie:** Gemeenteraadsvergadering
- **21 Junie:** Op-en- wakker Klub byeenkoms

Uitreik

Die SOA-Uitreikspan besoek verskeie sendelinge in Thailand tydens hul besoek in Augustus. Thailand is 'n populêre toeriste besoekpunt. Hiermee 'n paar punte om in gedagte te hou:

- Thailand het 'n bevolking van nagenoeg 70 miljoen mense.
- Minder as 1,5% is Christene, tsv die Roomse kerk wat 400 jaar daar werk en die Protestante vir bykans 200 jaar!!
- Om Thai te wees is om 'n Boeddhis te wees.
- Thailand is 'n koninkryk sedert die 13de eeu. Hierdie land was nog nooit deur 'n Westerse moondheid regeer nie. Dit staan derhalwe ook bekend as "Land of the Free".
- Bykans die helfte van die Thai-Protestante is van die "Bergstamme" wat op hul beurt minder as 5% van die bevolking uitmaak.
- Meer as 6,000 van die 7,415 sub-distrikte het geen Christelike kerk nie.
- Tydens 'n opname onder die bevolking het 89% gesê die Christen-Boodskap is "unintelligible". Dit beteken o.a. dat die oordra van die evangelie nie geskei is van

sy "Westerse verpakking" nie.....en gevolglik maak dit nie sin uit vir die Thai nie. As daar een teks in die Bybel is wat jy NIE vir 'n Boeddhis moet gee NIE, is dit Joh 3:16!!

- Miljoene word uit die seks-industrie gegenereer. Na berig word, word nagenoeg 10% van toeriste se geld in hierdie "industrie" spandeer. Baie jong meisies word deur hul arm ouers verkoop aan hierdie industrie. Om uit die base se hande te ontsnap is bykans onmoontlik.
- Die klein Christelike kerk doen baie om jong kinders onder hulle vlerk te neem om hulle sodoende te beskerm.

Bid asb vir

- die Christene in Thailand.....
- die inheemse kerkleiers.....
- die sendelinge.....
- die onbereiktes.....
- die beplande besoek van die Uitreikspan.

Veels Geluk lidmaat !

20 Mei
Hanu Breedt
Lindi Grobler
Nienke Jordaan
Dieter Mellet
John Pieters
Ruan Pretorius
Janémi Schoeman
Adele Turner

21 Mei
Jana Barnard
Salomé Beukes

22 Mei
Jurie-Wynand Human
Caroline Jacobs
Marié Joubert
Tersius Lambrechts
Lehan Muller
Andries vd Westhuizen

23 Mei
Althea Claassen
André Ehlers
Henri Lamprecht
Leah Swart

24 Mei
Iva Dreyer
Lea du Toit
Klein-Jan Hofmeyr
Junia Meissenheimer
Johan van Wyk
Ané Viljoen

25 Mei
Steven Bornman
Carien De Villiers
Bennie Hawley
André Hoffman
Karla Maritz
Leila Pitout
Tessa Truter

26 Mei
Lise Bothma
Natasha De Bruin
Lim Johannes
Johan Reinke
Maré Smit
Hanrie Theron
Ludwig Thiart

Snap here to pay
SnapScan

NGK Suider-Paarl gemeente,
Absa, Takkode *632005,*
Tjekrekening
740580132

Ramadan begin vanjaar op Wo. 16 Mei. Maak asb. seker dat u betyds ‘n gebeds-brief bekom in die voorportaal, sodat u vanjaar saam met ons kan bid. Ons staan aanvanklik stil by Lukas 15 om God se hartklop te hoor vir één wat verlore is. Mag sy Woord met ons praat en ons opnuut begeester.